ONS VIER DIE 120STE BESTAANSJAAR VAN NKOSI SIKELEL' IAFRIKA

In 1897 het Enoch Sontonga van die Mpinga-stam van die amaXhosa inspirasie ontvang en 'n gesang vir Afrika geskryf. Op daardie tyd het mnr. Sontonga in Nancefield naby Johannesburg gewoon en was hy 24 jaar oud en 'n onderwyser, 'n koorleier, 'n lekeprediker in die Methodistekerk, en 'n fotograaf.

In 1899 is hierdie pragtige gesang, Nkosi Sikelel' iAfrika, vir die eerste keer in die openbaar gesing, by die inseëning van eerwaarde Boweni, 'n Methodistepriester. Die gesang het almal wat dit gehoor het, diep getref en het so geliefd geword dat verse daarby gevoeg is, en dit vertaal is, en dit regoor die vasteland Afrika gesing is.

Die digter SEK Mqhayi het sewe verse by die gesang gevoeg, en op 16 Oktober 1923 het Solomon T Plaatje, met klavierbegeleiding deur Sylvia Colenso, 'n opname van Nkosi Sikelel' iAfrika gemaak. Die gesang is in kerke en by politieke byeenkomste gesing, en in 1925 het dit die amptelike lied van die African National Congress (ANC) geword.

Hoewel sy gesang baie bekend was, was Sontonga nie in sy leeftyd beroemd nie. Baie jare lank het geskiedkundiges na inligting oor hierdie beskeie man se lewe en dood gesoek.

Enoch Sontonga is op 18 April 1905 in die ouderdom van 33 jaar oorlede. Sy graf is baie jare later in 'n begraafplaas in Braamfontein in Johannesburg ontdek, na 'n lang soektog deur die Raad op Nasionale Gedenkwaardighede. In 1996, op Erfenisdag, 24 September, het president Mandela mnr. Sontonga se graf tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar, en daar is later 'n gedenkteken by die graf opgerig.

'n Rukkie lank, in 1994 en 1995, het Suid-Afrika twee amptelike volksliedere gehad: Nkosi Sikelel' iAfrika en Die Stem, die volkslied uit die apartheidsera. Altwee volksliedere is in hulle geheel gesing, maar dit het so lank geneem om die liedere so te sing dat die regering ope vergaderings gehou het om Suid-Afrikaners te vra wat hulle as hulle volkslied wou hê. Op die ou end het die regering op 'n kompromie besluit, wat onder andere behels het dat altwee volksliedere verkort is en dat 'n harmonieuse musikale brug geskep is om die twee liedere tot een volkslied te verbind. Ons volkslied, wat in vyf verskillende tale gesing word – isiXhosa, isiZulu, Sesotho, Afrikaans en Engels – is uniek en demonstreer die vermoë van Suid-Afrikaners om ter wille van nasionale eenheid en vooruitgang kompromië te bereik.

Nkosi Sikelel' iAfrika het die eerste vers van ons nuwe volkslied geword.

Nkosi Sikelel' iAfrica

Nkosi, sikelel' iAfrika,
Malupnakanyisw' udumo lwayo;
Yizwa imithandazo yethu
Nkosi sikelela,
Thina lusapho lwayo

Nkosi, sikelel' iAfrika,
Malupnakanyisw' udumo lwayo;
Yizwa imithandazo yethu
Nkosi sikelela,
Thina lusapho lwayo

Woza Moya (woza, woza),
Woza Moya (woza, woza),
Woza Moya, Oyingcwele.
Usisikelele, Thina lusapho lwayo.

Morena boloka sechaba sa heso
O fedise dintwa le matshwenyeho
Morena boloka sechaba sa heso,
O fedise dintwa le matshwenyeho.

O se boloke, o se boloke,
O se boloke, o se boloke.
Sechaba sa heso, Sechaba sa heso.
O se boloke morena se boloke,
O se boloke sechaba, se boloke.
Sechaba sa heso, sechaba sa Africa.

Ma kube njalo! Ma kube njalo!
Kude kube ngunaphakade.
Kude kube ngunaphakade!

National Archives and Records Services of South Africa

E. Sontonga, arr. M. Khumalo (Nkosi)
Afrikaans words: C.J. Langenhoven
English words: J.Z-Rudolph

M.L. de Villiers, arr. D. de Villiers (Die Stem)
Re-arrangement, music typesetting-Jeanne Z. Rudolph
as per Anthem Committee

Rainbow WORKBOOKS

ISBN: 978-1-4315-0219-6
9 781431 502196

MATHEMATICS IN AFRIKAANS
GRADE 7 – BOOK 1 • TERMS 1 & 2
ISBN 978-1-4315-0219-6
THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.
9th Edition

WISKUNDE IN AFRIKAANS – Graad 7 Boek 1

ISBN 978-1-4315-0219-6

Hersien volgens die KABV

Graad 7

Naam:

Klas:

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

WISKUNDE IN AFRIKAANS

Boek 1
Kwartaal 1 & 2

Inhoud

No.	Titel	Bl.
R1	Verteenwoordig negesyfergetalle	ii
R2a	Vergelyk en orden natuurlike getalle	iv
R2b	Vergelyk en orden natuurlike getalle (vervolg)	vi
R3	Priemgetal	viii
R4	Rond af tot die naaste 5, 10, 100 e n 1 000	x
R5a	Berekening van natuurlike getalle	xii
R5b	Berekening van natuurlike getalle (vervolg)	xiv
R6	Faktore en veelvoude	xvi
R7a	Breuke	xviii
R7b	Breuke (vervolg)	xx
R8a	Desimale	xxii
R8b	Desimale (vervolg)	xxiv
R9a	Patrone	xxvi
R9b	Patrone (vervolg)	xxviii
R10a	Tweedimensionele en driedimensionele objekte	xxx
R10b	Tweedimensionele en driedimensionele objekte (vervolg)	xxxii
R11a	Transformasies	xxxiv
R11b	Transformasies (vervolg)	xxxvi
R12	Area, omtrek en volume	xxxviii
R13	Tyd	xl
R14a	Temperatuur, lengte, massa en kapasiteit	xlii
R14b	Temperatuur, lengte, massa en kapasiteit (vervolg)	xliv
R15	Waarskynlikheid	xlvi
R16	Data	xlviii
1	Kommutatiewe eienskap van optelling en vermenigvuldiging	2
2	Assosiatiewe eienskap van optelling en vermenigvuldiging	4
3	Distributiewe eienskap van vermenigvuldiging oor optelling	6
4	Nul as die identiteit van optelling en een as die identiteit van vermenigvuldiging	8
5	Veelvoude	10
6	Deelbaarheid en faktore	12
7	Verhouding	14
8	Koers	16
9	Geld in Suid-Afrika	18
10	Finansies – wins, verlies en afslag	20
11	Finansies – Begroting	22
12	Finansies – lenings en rente	24
13	Finansies	26
14a	Kwadraatgetalle en derdemagte	28
14b	Kwadraatgetalle en derdemagte (vervolg)	30
15a	Vierkants- en derdemagswortels	32
15b	Vierkants- en derdemagswortels (vervolg)	34
16	Eksponensiaalnotasie	36
17	Skat en bereken eksponente	38
18	Skat en bereken nog eksponente	40
19	Getalle in eksponensiaalvorm	42
20	Konstruksie van geometriese objekte	44
21a	Hoeke en sye	46
21b	Hoeke en sye (vervolg)	48

No.	Titel	Bl.
22a	Grootte van hoeke	50
22b	Grootte van hoeke (vervolg)	52
23	Gebruik van 'n gradeboog	54
24	Parallelle en loodregte lyne	56
25a	Konstrueer hoeke en 'n driehoek	58
25b	Konstrueer hoeke en 'n driehoek (vervolg)	60
26	Sirkels	62
27a	Driehoeke	64
27b	Driehoeke (vervolg)	66
28a	Poligone	68
28b	Poligone (vervolg)	70
29	Kongruente en gelykvormige vorms	72
30	Breuke	74
31	Ekwivalente breuke	76
32	Eenvoudigste vorm	78
33	Tel gewone breuke met dieselfde en verskillende noemers bymekaar	80
34	Vermenigvuldig eenheidsbreuke met eenheidsbreuke	82
35	Vermenigvuldiging van gewone breuke met dieselfde en verskillende noemers	84
36	Vermenigvuldig natuurlike getalle met gewone breuke	86
37	Vermenigvuldig gewone breuke en vereenvoudig	88
38	Los breukprobleme op	90
39	Los meer breukprobleme op	92
40	Breuke, desimale en persentasies	94
41	Persentasie verhoging en verlaging	96
42	Plekwaarde, ordening en vergelyking van desimale	98
43	Skryf gewone breuke as desimale	100
44	Desimale breuke	102
45	Optelling en aftrekking met desimale breuke	104
46	Vermenigvuldiging van desimale breuke	106
47	Deling, afronding en vloeidiagramme	108
48	Vloeidiagramme	110
49	Nog vloeidiagramme	112
50	Tabelle	114
51	Inset- en Uitsetwaardes	116
52	Omtrek en oppervlakte	118
53	Oppervlakte van driehoeke	120
54	Meer oor oppervlakte van driehoeke	122
55	Omsetting van oppervlakte	124
56	Om die volume van kubusse te verstaan	126
57a	Volume van kubusse	128
57b	Volume van kubusse (vervolg)	130
58	Volume van groot reghoekige prismas	132
59	Volume van reghoekige prismas alweer	134
60	Volumeprobleme	136
61	Volume en kapasiteit	138
62	Buiteoppervlakte van 'n kubus	140
63	Buiteoppervlakte van reghoekige prismas	142
64	Buiteoppervlakte-probleemoplossing	144

Mev. Angie Motshekga, Minister van Basiese Onderwys

Mnr. Enver Surty, Adjunkminister van Basiese Onderwys

Hierdie Werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev. Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, mnr. Enver Surty.

Die Reënboog-Werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys met die doel om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan van Aksie en is moontlik gemaak deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie. Die Departement is hierdeur in staat gestel om hierdie Werkboeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.

Ons hoop dat u as onderwyser hierdie Werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind en ook sal verseker dat u leerders die kurrikulum dek.

Al die aktiwiteite in die Werkboeke het ikone om aan te dui wat die leerders moet doen.

Ons hoop van harte dat leerders dit gaan geniet om die boeke deur te werk terwyl hulle leer en groei, en dat u as onderwyser dit saam met hulle sal geniet.

Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie Werkboeke toe.

Published by the Department of Basic Edua tion
222 Struben Street
Pretoria
South Afria

© Department of Basic Edua tion
Ninth edition 2019

ISBN 978-1-4315-0219-6

The Department of Basic Edua tion has made every effort to trae o pyright holders but if any have been inadvertently overlooked the Department will be pleased to make the nee ssary arrangements at the first opportunity.

This book may not be sold.

Rainbow WORKBOOKS

Graad 7

wiskunde

1. Hersiening Werkblaaie: R1 tot R16
   Sleutelkonsepte van Graad 6
2. Werkblaaie: 1 tot 64
3. Werkblaaie: 65 tot 144

AFRIKAANS

Boek 1

Naam:

Die struktuur van ‘n werkblad

Werkblad nommer
(Hersiening R1 tot R16,
Gewone 1 tot 148)

Werkblad titel

Tema inleiding
(Teks en prentjies om jou te help om te dink oor en om die tema van die werkblad te bespreek.)

Kwartaal aanwyser
(Daar is veertig werkblaaie per kwartaal.)

Vrae



Kleur kode vir inhoud area

Inhoud	Kantlyn kleur
Hersiening	Pers
Nommer	Turkoois
Patrone en funksies (algebra)	Elektriese blou
Spasie en vorms (meetkunde)	Oranje
Meting	Groen
Data hantering	Rooi

Taal kleur kode:
Afrikaans (Rooi), Engels (Blou)



Voorbeeld raam (in geel)

Pret / uitdaging / probleem oplos aktiwiteit
(Dit is die einde van ‘n werkblad aktiwiteit wat prettige of uitdagende aktiwiteite kan insluit wat ook met ouers of broers en susters by die huis gedeel kan word.)

Onderwyser assessering beoordeling, handtekening en datum

Rainbow WORKBOOKS

Graad 7

wiskunde

DEEL 1

Hersiening

Sleutelkonsepte van Graad 6

WERKBLAAIE R1 tot R16

AFRIKAANS

Boek 1

Naam:

R1 Verteenwoordig negesyfergetalle



Tik 'n negesyfergetal in jou sakrekenaar in. Moenie nulle gebruik nie. Verander daarna een vir een die volgende in nul, die:

- honderdduisende
- ene
- miljoene
- tienduisende
- tiene
- tienmiljoene
- honderde
- duisende

Ek wonder hoeveel syfers 'n selfoonrekenaar kan hanteer?

Dui aan hoeveel syfers elke getal het.

1. Wat is die waarde van die onderstreepte syfer?

Voorbeeld: 7 <u>6</u>3 104

60 000

a. 340 7<u>8</u>4 _____

b. 512 97<u>3</u> 715 _____

c. 1 5<u>1</u>7 451 _____

d. 4<u>7</u>6 123 000 _____

e. 451 783 21<u>5</u> _____

f. 998 9<u>9</u>9 999 _____

2. Skryf die volgende in uitgebreide notasie:

Voorbeeld: 942 576

= 900 000 + 40 000 + 2 000 + 500 + 70 + 6

a. 154 798 105 _____

b. 592 562 _____

c. 4 978 879 _____

d. 77 666 _____

e. 549 327 _____

f. 4 000 009 _____

3. Wat is die waarde van 5 in elk van die volgende getalle?

Voorbeeld: 532 789
500 000

a. 154 289 _____

b. 5 834 974 _____

c. 45 869 _____

d. 413 978 950 _____

e. 563 008 _____

f. 8 382 705 _____

4. Voltooi die volgende:

Voorbeeld: 297 654 – <u>50</u> = 297 604
297 654 – 50 = 297 604

a. 378 457 ____ = 308 457 _____

b. 421 873 ____ = 401 873 _____

c. 887 114 ____ = 887 100 _____

d. 316 522 ____ = 96 522 _____

e. 124 893 ____ = 100 893 _____

f. 737 896 ____ = 732 096 _____

5. Voltooi die tabel. Tel altyd by die oorspronklike gegewe getal by of trek daarvan af.

	Tel op 10	Trek af 10	Tel op 100	Trek af 100	Tel op 1 000	Trek af 1 000	Tel op 10 000
a. 475 021							
b. 835 296							
c. 789 123							
d. 336 294							
e. 428 178							
f. 164 228							

Probleemoplossing

Vind getalle met vier of meer syfergetalle in 'n koerant. Skryf elke getal in uitgebreide notasie. Skry neer wat die getal gemeet het of waarvoor dit gebruik was.

Teken:

Datum:

R2a Vergelyk en orden natuurlike getalle.

Dinge om te weet en te bespreek!

Wat beteken die volgende simbole?

>   <   =

Gee 'n voorbeeld van elk deur getalle te gebruik.

1. Rangskik hierdie getalle in stygende orde op die getallelyn:
17 235, 17 347, 18 212, 17 922, 17 211, 17 678.

17 211 — 18 212

a. Wat is die verskil tussen die vierde en sesde getal op die getallelyn?

_____

b. Wat is halfpad tussen die derde en vyfde getal op die getallelyn?

_____

c. Skryf 'n natuurlike getal wat groter is as die vierde getal, maar kleiner as die vyfde getal.

_____

d. Wat is die kleinste getal? _____

e. Wat is die grootste getal? _____

2. Rangskik hierdie getalle in stygende orde op hierdie getallelyn:
1 782, 2 342, 1 699, 1 571, 2 102, 1 999

a. Wat is die kleinste getal? _____

b. Wat is die grootste getal? _____

c. Wat is die verskil tussen die twee getalle?

d. Gee een natuurlike getal wat kleiner is as die kleinste getal.

e. Gee een natuurlike getal wat groter is as die grootste getal.

f. Wat is die som van die tweede getal en die vierde getal op hierdie getallelyn?

3. Rangskik hierdie getalle in stygende orde op die getallelyn:
34 289, 34 288, 34 287, 34 286, 34 285, 34 284

a. Wat is die kleinste getal?

b. Wat is die grootste getal?

c. Wat is die verskil tussen die grootste en die kleinste getalle?

d. Gee een natuurlike getal wat kleiner is as die kleinste getal.

e. Gee een natuurlike getal wat groter is as die grootste getal.

f. Wat is die som van die derde getal en die vierde getal op hierdie getallelyn?

4. Vul die ontbrekende getalle in:

									30 000
						37 000			
				45 000					
	62 000								70 000

Teken:

Datum:

vervolg ☛

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

R2b Vergelyk en orden natuurlike getalle
vervolg

5. Watter getal is halfpad?

Voorbeeld:

471 340 — 471 345 — 471 350

a. 21 208 — [ ] — 21 224

b. 318 970 — [ ] — 319 070

c. 12 897 — [ ] — 13 897

6. Watter getal kom volgende?

Voorbeeld: 593 485, 593 486, 593 487, 593 488, 593 489 [ ]

299 999, 299 998, 299 997, [ ]

a. 331 344; 331 345; 331 346; 331 347; 331 348; [ ]

b. 549 327; 549 326; 549 325; 549 324; [ ]

c. 508 609; 508 610; 508 611; 508 612; 508 613; [ ]

7. Skryf in stygende orde:

Voorbeeld: 289 541, 289 540, 289 539, 289 542, 289 538

289 538, 289 539, 289 540, 289 541, 289 542

a. 421 178; 421 182; 421 180; 421 183; 421 179; 421 181

[ ]

b. 543 688; 543 691; 543 689; 543 690; 543 687

c. 903 675; 903 678; 903 676; 930 679; 903 677

8. Skryf in dalende orde:

Voorbeeld: 289 541; 289 540; 289 539; 289 542; 289 538

289 542; 289 541; 289 540; 289 539; 289 538

a. 564 743; 564 747; 564 745; 564 744; 564 746

b. 907 569; 907 566; 907 570; 907 568; 907 567

c. 352 701; 352 699; 352 703; 352 700; 352 702

9. Vul in >, < of =:

Voorbeeld: 375 894 < 375 984

a. 564 746 ____ 751 023

b. 191 756 ____ 460 207

c. 697 059 ____ 699 059

d. 979 509 ____ 939 509

e. 563 435 ____ 560 640

f. 925 860 ____ 925 680

10. Vul in >, < of =:

Voorbeeld: 300 000 + 5 < 300 500

a. 75 001 + 9 ____ 75 100

b. 3 838 ____ 3 888 – 50

c. 2 800 – 800 ____ 2 008

d. 50 000 + 3 ____ 50 300

e. 5 556 ____ 5 655 – 100

f. 200 000 + 50 ____ 200 050 + 50

Probleemoplossing

Gebruik elk van die volgende syfers slegs een keer om die grootste agtsyfergetal moontlik en daarna die kleinste agtsyfergetal moontlik te kry.

4 1 5 6 2 9 8 3 7

Teken:

Datum:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

R3 Priemgetal

Watter getalle kleiner as 100 kan slegs deur een en hulself gedeel word?

'n **Priemgetal** is groter as een en kan slegs deur 1 of homself gedeel word. Dit het twee, en slegs twee, faktore, naamlik 1 en homself.

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
11	12	13	14	15	16	17	18	19	20
21	22	23	24	25	26	27	28	29	30
31	32	33	34	35	36	37	38	39	40
41	42	43	44	45	46	47	48	49	50
51	52	53	54	55	56	57	58	59	60
61	62	63	64	65	66	67	68	69	70
71	72	73	74	75	76	77	78	79	80
81	82	83	84	85	86	87	88	89	90
91	92	93	94	95	96	97	98	99	100

1. Gebruik tekeninge om aan te dui dat die volgende getalle nie priemgetalle is nie, maar saamgestelde getalle.

Voorbeeld: 8 kan gedeel word deur 1, 2, 4 en 8.



2 × 4



1 × 8

a. 9

b. 18

c. 155

d. 57

e. 39

f. 68

2. Identifiseer al die priemgetalle van 1–100.

3. Hoe sou jy die volgende getalle as 'n produk van priemgetalle skryf?

Voorbeeld: 12

Die getal 12 kan deur vermenigvuldiging gekry word deur die priemgetalle 2 en 3 te gebruik. $12 = 2 \times 2 \times 3$

(2 en 3 is priemgetalle omdat $2 = 2 \times 1$ en $3 = 3 \times 1$ en kan nie deur enige ander getalle gedeel word.)

a. 36

b. 60

c. 105

d. 420

e. 48

f. 1 800

4. Watter soort getalle is hierdie? Hoekom?

2	3	5	7	11	13	17	19	23	29	31	37	41	43	47	53	59	61	67
71	73	79	83	89	97	101	103	107	109	113	127	131	137	139	149	151	157	163
167	173	179	181	191	193	197	199	211	223	227	229	233	239	241	251	257	263	269
271	277	281	283	293	307	311	313	317	331	337	347	349	353	359	367	373	379	383
389	397	401	409	419	421	431	433	439	443	449	457	461	463	467	479	487	491	499
503	509	521	523	541	547	557	563	569	571	577	587	593	599	601	607	613	617	619
631	641	643	647	653	659	661	673	677	683	691	701	709	719	727	733	739	743	751
757	761	769	773	787	797	809	811	821	823	827	829	839	853	857	859	863	877	881
883	887	907	911	919	929	937	941	947	953	967	971	977	983	991	997			

Probleemoplossing

Hoeveel driesyfer-priemgetalle is daar wat kleiner as 1 000 is?

Teken:

Datum:

R4 Rond af tot die naaste 5, 10, 100 en 1 000

Jou vriend het die les oor afronding misgeloop. Gebruik die getallelyne om te wys hoe hierdie getalle-pare afgerond word.

Rond af

4 528	4 523	Tot die naaste 10
6 891	6 828	Tot die naaste 100
2 189	2 620	Tot die naaste 1 000
643	649	Tot die naaste 5

1. **Wat is die simbool vir afronding?** _____

2. **Rond af tot die naaste 10.**

Voorbeeld: 789 ≈ 790

a. 7 [ ] b. 4 [ ] c. 78 [ ]

d. 61 [ ] e. 328 [ ] f. 451 [ ]

3. **Rond af tot die naaste 100.**

Voorbeeld: 789 ≈ 800

a. 3 [ ] b. 54 [ ] c. 28 [ ]

d. 765 [ ] e. 938 [ ] f. 1 764 [ ]

4. **Rond af tot die naaste 1 000.**

Voorbeeld: 789 ≈ 1 000

a. 176 [ ] b. 324 [ ] c. 1 924 [ ]

d. 8 639 [ ] e. 14 342 [ ] f. 67 285 [ ]

5. Voltooi die tabel:

	Rond af tot die naaste 10	Rond af tot die naaste 100	Rond af tot die naaste 1 000
a. 7 632			
b. 8 471			
c. 9 848			
d. 5 737			
e. 9 090			

6. Rond af tot die naaste vyf.

Voorbeeld: 4 ≈ 5

a. 7 ☐ b. 3 ☐ c. 472 ☐

d. 589 ☐ e. 2 372 ☐ f. 3 469 ☐

7. Voltooi die tabel:

	Rond af tot die naaste 10	Rond af tot die naaste 100	Rond af tot die naaste 1 000
a. 2			
b. 7			
c. 48			
d. 781			
e. 345			
f. 2897			

8. Hoekom rond ons af? Gee vyf voorbeelde uit die werklike lewe waar ons afrond.

Werklike lewe voorbeeld

Probleemoplossing

a. Jy het 'n vyfsyfergetal. As jy dit tot die naaste duisend afrond, kry jy 'n sessyfergetal. Wat kon jou eerste getal gewees het?

b. Jy het 'n viersyfergetal. As jy dit tot die naaste vyf afrond, kry jy 3 895. Wat was jou oorspronklike getal?

Teken:

Datum:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

R5a Berekening van natuurlike getalle

Wat is die vier basiese bewerkings in wiskunde?

+ − × ÷

'n Algemene metode wat gebruik word om groot getalle bymekaar te voeg of af te trek, is om hulle in kolomme te lys. Dan, kolom per kolom, tel jy bymekaar of trek jy af slegs dié syfers wat dieselfde plekwaarde het. Ken jy enige ander metode?

'n Algemene metode wat gebruik word om twee groot getalle met mekaar te vermenigvuldig, is om die getalle onder mekaar te skryf, met die groter getal wat vermenigvuldig word met die kleiner getal onder, wat as die vermenigvuldiger bekend staan.

Hoe sal jy groot getalle verdeel?

Ons voorsien jou van 'n paar voorbeelde, maar jy kan 'n metode van jou eie keuse gebruik.

1. Bereken: Gebruik die metode van jou eie keuse.

Voorbeeld 1:

278 467 + 197 539

= 200 000 + 100 000 + 70 000 + 90 000 + 8 000 + 7 000 + 400 + 500 + 60 + 30 + 7 + 9

= 300 000 + 160 000 + 15 000 + 900 + 90 + 16

= 300 000 + 100 000 + 60 000 + 10 000 + 5 000 + 900 + 90 + 10 + 6

= 400 000 + 70 000 + 5 000 + 900 + 100 + 6

= 400 000 + 70 000 + 5 000 + 1 000 + 6

= 400 000 + 70 000 + 6 000 + 6

= 476 006

Voorbeeld 2:

	2	7	8	4	6	7	
+	1	9	7	5	3	9	
					1	6	(7 + 9)
					9	0	(60 + 30)
				9	0	0	(400 + 500)
		1	5	0	0	0	(8 000 + 7 000)
	1	6	0	0	0	0	(70 000 + 90 000)
	3	0	0	0	0	0	(200 000 + 100 000)
	4	7	6	0	0	6	

Voorbeeld 3:

1	1	1	1	1	
2	7	8	4	6	7
1	9	7	5	3	9
4	7	6	0	0	6

a. 87 382 + 12 213 =

b. 65 479 + 32 599 =

c. 178 673 + 145 568 =

d. 237 634 + 199 999 =

2. Bereken: Gebruik die metode van jou keuse.

Voorbeeld 1:

	4	7	6	0	0	6	
–	1	9	7	5	3	9	
						7	(16 – 9)
					6	0	(90 – 30)
				4	0	0	(900 – 500)
			8	0	0	0	(15 000 – 7 000)
		7	0	0	0	0	(16 000 – 9 000)
+	2	0	0	0	0	0	(300 000 – 100 000)
	2	7	8	4	6	7	

Voorbeeld 2:

	3	16	15	9	9	1
	~~4~~	~~7~~	~~6~~	~~0~~	~~0~~	6
+	1	9	7	5	3	9
	2	7	8	4	6	7

a. 68 763 – 29 552 =

b. 83 254 – 25 368 =

c. 426 371 – 231 528 =

d. 532 764 – 299 999 =

Teken:

Datum:

vervolg ☛

R5b Berekening van natuurlike getalle

vervolg

3. Bereken: Gebruik die metode van jou keuse.

Voorbeeld 1:

543 × 798

= (500 × 700) + (500 × 90) + (500 × 8) + (40 × 700) + (40 × 90) + (40 × 8) + (3 × 700) + (3 × 90) + (3 × 8)

= 350 000 + 45 000 + 4 000 + 28 000 + 3 600 + 320 + 2 100 + 270 + 24 = 300 000 + 50 000 + 40 000 + 5 000 + 4 000 + 20 000 + 8 000 + 3 000 + 2 000 + 600 + 300 + 100 + 200 + 20 + 70 + 20 + 4

= 300 000 + 90 000 + 9 000 + 20 000 + 13 000 + 1 200 + 110 + 4

= 300 000 + 110 000 + 9 000 + 10 000 + 3 000 + 1 000 + 200 + 100 + 10 + 4

= 300 000 + 100 000 + 10 000 + 10 000 + 13 000 + 300 + 10 + 4

= 400 000 + 30 000 + 3 000 + 300 + 10 + 4

= 433 314

Voorbeeld 2:

	543	
×	798	
	24	(3 × 8)
	270	(3 × 90)
	2 100	(3 × 700)
	320	(40 × 8)
	3 600	(40 × 90)
	28 000	(40 × 700)
	4 000	(500 × 8)
	45 000	(500 × 90)
	350 000	(500 × 700)
	433 314	

Voorbeeld 3:

	3 2
	543
×	798
	4 344
	48 870
+	380 100
	433 314

a. 243 × 89 =

b. 579 × 73 =

c. 241 × 137 =

d. 896 × 476 =

4. Los die somme op. Gebruik die metode van jou keuse.

Voorbeeld 1:

```
      26
25 ) 650
   – 500      25 × 20
     150
   – 150      25 × 6
       0
```

Voorbeeld 2:

```
      26      res 4
25 ) 654
   – 500      25 × 20
     154
   – 150      25 × 6
       4
```

a. 2) 2 254

b. 12) 1 407

c. 25) 2 890

Probleemoplossing

1. Ons het 2 455 m op die eerste dag en 3 650 m op die tweede dag fietsgery. Hoeveel kilometer het ons afgelê?
2. Ek het 1 550 m gedraf en my vriend het 2 275 m gedraf. Hoeveel verder het my vriend gedraf?
3. 'n Bakkery bak 2 450 koekies op een dag. Hoeveel koekies het hulle oor die tydperk van vier weke gebak? Let op dat hulle net ses dae van die week bak.
4. My ma het 3 850 m tou gekoop. Sy moet dit in 25 stukke verdeel. Hoe lank is elke stuk?

Teken:

Datum:

R6 Faktore en veelvoude

Bespreek die onderstaande en gee nog vyf voorbeelde van elk.

Veelvoud: 'n Getal wat die resultaat is van die vermenigvuldiging van twee ander getalle, bv: 3 × 2 = 6. Ses is 'n veelvoud van 2 en 3. Voorbeelde van veelvoude van ses is 6, 12, 18, 24

Priemgetalle het slegs twee verskillende faktore. Die een faktor is 1. Die ander faktor is die priemgetal self. 2 is 'n priemgetal. Bv: 1 × 13 = 13. Daar is slegs twee faktore: 1 en 13.

Faktore: Faktore is die getalle wat jy vermenigvuldig om 'n ander getal te kry, bv: 3 en 4 is faktore van 12, want 3 × 4 = 12.

Saamgestelde getalle het drie of meer verskillende faktore, bv: 21 is saamgesteld. 1 × 21 = 21, 3 × 7 = 21. Dus het 21 vier faktore: 1, 21, 3 en 7.

1. Skryf neer die eerste ses veelvoude van die volgende getalle, en omkring die veelvoude wat die twee getalle deel.

a. 2 _____

6 _____

b. 3 _____

9 _____

c. 4 _____

7 _____

d. 5 _____

8 _____

e. 4 _____

5 _____

2. Kyk na die voorbeelde hierbo. Wat is die kleinste gemene veelvoud vir elke paar getalle?

a. _____ b. _____ c. _____ d. _____ e. _____

Ons gebruik die afkorting KGV vir die kleinste gemene veelvoud.

3. **Skryf die faktore van die volgende getalle-pare neer en omkring die gemeenskaplike faktore.**

a. 12 _____

24 _____

b. 28 _____

21 _____

c. 15 _____

18 _____

d. 24 _____

60 _____

e. 18 _____

81 _____

4. **Kyk na jou antwoorde hierbo. Wat is die grootste gemene deler vir elke paar getalle?**

a. _____ b. _____ c. _____ d. _____ e. _____

5. **Voltooi die volgende:**

Getal	Faktore	Hoeveel faktore?	Priem of saamgesteld?
a. 12	1, 2, 3, 4, 6, 12	6	Saamgesteld
b. 41			
c. 63			
d. 77			
e. 33			
f. 121			

6. **Druk elk van die volgende ongelyke getalle uit as die som van 3 priemgetalle.**

a. 29 3 + 7 + 19

b. 83 _____

c. 55 _____

d. 53 _____

e. 99 _____

Probleemoplossing

Watter getal of getalle tussen 1 en 100 het die meeste faktore?

Teken:

Datum:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

R7a Breuke

Breuke word daagliks gebruik deur mense wat nie eens besef dat hulle dit gebruik nie. Noem tien voorbeelde.

Lees die definisies.

Die **teller** is die boonste getal in 'n gewone breuk. Dit dui aan hoeveel dele ons het.

Die **noemer** is die onderste getal in 'n gewone breuk. Dit dui aan in hoeveel gelyke dele die item gedeel word.

Ekwivalente breuke is breuke wat dieselfde waarde het, hoewel hulle verskillend kan lyk.

Hoekom moet ons weet wat KGV is wanneer ons breuke optel?

1. Voltooi die breuke om hulle gelyk te maak.

a. $\frac{2}{4}\ \begin{matrix}\times 2\\ \times 2\end{matrix} = \frac{4}{8}$

b. $\frac{3}{5} = \frac{\square}{10}$

c. $\frac{2}{6} = \frac{\square}{12}$

d. $\frac{6}{7} = \frac{\square}{21}$

e. $\frac{2}{4} = \frac{\square}{2}$

f. $\frac{9}{15} = \frac{\square}{5}$

g. $\frac{5}{6} = \frac{\square}{18}$

h. $\frac{7}{9} = \frac{\square}{18}$

i. $\frac{6}{22} = \frac{\square}{11}$

j. $\frac{20}{25} = \frac{\square}{100}$

Jy moet jou antwoorde aan 'n broer, suster of vriend verduidelik. Gebruik diagramme om die antwoorde te verduidelik.

2. Wat gebeur met die teller en noemer? Brei die patroon uit deur drie meer ekwivalente breuke neer te skryf.

a. $\frac{1}{3}\ \begin{matrix}\times 2\\ \times 2\end{matrix} = \frac{2}{6}\ \begin{matrix}\times 2\\ \times 2\end{matrix} = \frac{4}{12}\ \begin{matrix}\times 2\\ \times 2\end{matrix} = \frac{8}{24}\ \begin{matrix}\times 2\\ \times 2\end{matrix}$ _____

b. $\frac{1}{5} = \frac{3}{15} = \frac{9}{45} = \frac{27}{135}$ _____

3. Voltooi die patroon.

a. $\frac{5}{6}\begin{matrix}\times 2\\ \times 2\end{matrix} = \frac{10}{12}\begin{matrix}\times 2\\ \times 2\end{matrix} = \frac{20}{24}\begin{matrix}\times 2\\ \times 2\end{matrix} = \_\_ = \_\_ = \_\_$

b. $\frac{3}{4} = \frac{9}{12} = \frac{27}{36} = \_\_ = \_\_ = \_\_$

c. $\frac{9}{11} = \frac{18}{22} = \frac{36}{44} = \_\_ = \_\_ = \_\_$

d. $\frac{1}{7} = \frac{5}{35} = \frac{25}{175} = \_\_ = \_\_ = \_\_$

4. Voltooi die leë rame.

a. $\frac{1}{2} + \frac{1}{4} = \frac{2}{4} + \frac{1}{4} = \frac{\square}{4}$

b. $\frac{2}{6} + \frac{1}{2} = \frac{\square}{12} + \frac{6}{12}$

5. Voltooi die breuksomme deur die diagramme op die regterkant te gebruik.

a. $\frac{3}{4} = \frac{1}{8} + \_\_ =$



b. $\frac{4}{6} = \frac{1}{3} + \_\_ =$



6. Voltooi die somme.

a. $\frac{1}{2} = \frac{1}{8} + \_\_ = \_\_$

b. $\frac{1}{2} = \frac{1}{14} + \_\_ = \_\_$

7. Tel op en trek daarna af om jou antwoord te toets.

a. $\frac{5}{7}\begin{matrix}\times 2\\ \times 2\end{matrix} + \frac{2}{14}$

= _____

= _____

Toets:

b. $\frac{7}{9} + \frac{1}{27}$

= _____

= _____

Toets:

Teken:

Datum:

vervolg ☛

8. Bereken die volgende:

a. $\frac{1}{3} + \frac{3}{4}$

Veelvoude van 3:

_____

Veelvoude van 4:

_____

KGV: _____

_____

_____

b. $\frac{4}{5} + \frac{1}{6}$

Veelvoude van 5:

_____

Veelvoude van 6:

_____

KGV: _____

_____

_____

9. Bereken die volgende:

a. $2\frac{1}{4} + 5\frac{2}{4}$

b. $7\frac{1}{8} - 3$

10. Bereken die volgende:

a. $5\frac{1}{3} + 1\frac{2}{4}$

b. $4\frac{3}{8} - 3\frac{4}{6}$

11. 1,2 miljoen goedere word per jaar (elke jaar) verkoop.

a. Wat is die totale bedrag goedere wat per jaar verkoop word? _____

b. Wat is $\frac{2}{12}$ van die totale bedrag? _____

c. Wat is $\frac{6}{12}$ van die totale bedrag? _____

d. Wat is $\frac{9}{12}$ van die totale bedrag? _____

e. Wat is $\frac{11}{12}$ van die totale bedrag? _____

12. Watter persentasie van die sirkel is rooi?

a. _____



b. _____



c. _____



d. _____



Probleemoplossing

Ek het $\frac{1}{12}$ van die koek geëet.

My vriend het $\frac{1}{4}$ van die koek geëet.

Hoeveel koek het ons geëet?

Teken:

Datum:

R8a Desimale

Hoe is die volgende verbind? Gee 'n voorbeeld.

Gewone breuke

Desimale breuke

Persentasies

Wanneer gebruik ons die volgende in die alledaagse lewe?

- Gewone breuke?
- Desimale breuke?
- Persentasies?

1. Voltooi die getallelyne hieronder deur desimale breuke te gebruik.

a.

i. Wat kom ná 0 op hierdie getallelyn? _____

ii. Wat kom voor 1 op hierdie getallelyn? _____

iii. Wat is halfpad tussen 0 en 1 op die getallelyn? _____

b.

i. Wat kom ná 0,2 op hierdie getallelyn? _____

ii. Wat kom voor 0,1 op hierdie getallelyn? _____

iii. Wat is halfpad tussen 0 en 1 op die getallelyn? _____

c.

i. Wat kom ná 0,02 op hierdie getallelyn? _____

ii. Wat kom voor 0,01 op hierdie getallelyn? _____

iii. Wat is halfpad op hierdie getallelyn? _____

2. Voltooi die tabel hieronder deur by die gegewe getal, in die eerste kolom, by te tel of af te trek.

Getal	Tel by 0,1	Tel by 0,01	Tel by 0,001	Trek af 0,1	Trek af 0,01	Trek af 0,001
a. 0,657	0,757					
b. 232,232						

3. Vul die ontbrekende getal in:

a. 32,4 + _____ = 32,9

b. 8,452 + _____ = 8,492

4. Skryf die volgende in uitgebreide notasie:

a. 15,342 = 10 + 5 + 0,3 + _____

b. 456, 321 = _____

Teken:

Datum:

vervolg ☛

5. Bereken die volgende deur enige metode te gebruik:

a. 5,326 + 4,542 =

b. 4,349 + 1,874 =

c. 32,24 + 19,387 =

d. 7,63 – 4,476 =

6. Voltooi die tabel:

Desimale breuk	Gewone breuk	Desimale breuk	Gewone breuk
a. 5,879		b. 18,005	

7. Beantwoord die volgende:

a. Wat is 50% van R1,00?

b. Wat is 0,5 van R1,00?

c. Wat is $\frac{1}{2}$ van R1,00?

d. Wat is 25% van R1,00?

e. Wat is 0,25 van R1,00?

f. Wat is $\frac{1}{4}$ van R1,00?

8. Kyk na die diagram en beantwoord die volgende:



Wat is 40% van 200?

Probleemoplossing

Ek het 'n langbroek vir R150 gekoop en dan het ek 25% afslag gekry. Wat het ek vir die langbroek betaal?

Teken:

Datum:

R9a Patrone

Wat sal gebeur wanneer ek hierdie dinge doen? Gee vyf voorbeelde van elk.

- As ek n getal van dieselfde getal 'aftrek.
- As ek twee priemgetalle optel.
- As ek 0 by 'n getal tel of daarvan aftrek.
- As ek 'n getal met 1 vermenigvuldig.
- As ek 'n ongelyke getal van 'n gelyke getal aftrek.
- As ek twee gelyke getalle bymekaartel.
- As ek vyf by 'n getal tel.
- As ek 'n getal met 4 vermenigvuldig en dit deur 2 deel.
- As ek 'n gelyke getal deur 'n ongelyke getal deel.

1. Voltooi die volgende:

a. 4 – ☐ = 0

b. ☐ + 15 = 15

c. 100 000 × ☐ = 100 000

d. ☐ – 299 999 = 0

e. ☐ × 1 = 84 934

2. Vervang elke vorm met 'n getal.

a. ⬢ – ⬢ = 0

b. ■ × 1 = ■

c. ⬡ + 0 = ⬡

d. ⬟ – ⬟ = 0

e. ▬ × 1 = ▬

3. Voltooi die vloeidiagram.

a.



b.



4. Skep jou eie vloeidiagramme deur hierdie reëls te gebruik:

a. Tel nege by en vermenigvuldig met twee.

b. Deel deur drie en trek een af.

Teken:

Datum:

vervolg ☛

R9b Patrone vervolg

5. Wat is die waarde van ✗?

a. ✗ + 23 = 23 + 5 ✗ = ____

b. 8 × 2,5 = ✗ × 8 ✗ = ____

c. (90 + 10) × 0,2 = 90 × ✗ + 10 × 0,2 ✗ = ____

d. 999 999 + 0 = ✗ + 999 999 ✗ = ____

e. 2,5 + ✗ = 4,5 + 2,5 ✗ = ____

6. As a = 2, b = 3, en c = 10, voltooi en bereken dan die somme.

a. $a + b$ = ____ $b + a$ = ____ Is $a + b = b + a$? Ja/Nee ____

b. $a \times b$ = ____ $b \times a$ = ____ Is $a \times b = b \times a$? Ja/Nee ____

c. $(a \times b) \times c$ = ____ $a \times (b \times c)$ = ____

Is $(a \times b) \times c = a \times (b \times c)$? Ja/Nee ____

d. $(a + b) \times c$ = ____ $a \times c + b \times c$ = ____

Is $(a + b) \times c = a \times c + b \times c$? Ja/Nee ____

e. $c \times 1$ = ____ $1 \times c$ = ____ Is $c \times 1 = 1 \times c$? Ja/Nee ____

HODMOA staan vir:

H hakies
O opdragte (magte en vierkantswortels)
D deel } (van links na regs)
M maal }
O optelling en
A (aftrekking links na regs)

Die volgorde waarin ons 'n berekening uitvoer, is belangrik.

7. Volg die HODMOA volgorde van bewerking op die vorige bladsy om elk van die volgende te bereken:

a. 7 – 3 + 6 = _____

b. 16 + 29 – 87 = _____

c. (96 ÷ 16) × 2 = _____

d. 35 ÷ 5 + (18 – 16) = _____

e. 14 ÷ (36 – 29) + 11= _____

8. Gebruik die eienskappe van getalle om die omtrek van elke reghoek te vind.





Probleemoplossing

		2			7			9
	8		2	4	9		3	
	3	1			5	7	2	
		9			8			1
	6	5				8	4	
4			7			2		
	9	3	1			6	5	
	5		8	6	2		7	
8			5			4		

Sudoku-pret

Daar is 9 rye en 9 kolomme in 'n Sudoku-legkaart. Elke ry en kolom moet die getalle 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8 en 9 bevat. Daar mag geen duplikaatgetalle in enige ry of kolom wees nie.

'n Gebied is 'n 3 × 3-blok, soos byvoorbeeld die groen blok wat aan die linkerkant gewys word. Daar is 9 gebiede in 'n tradisionele Sudoku-legkaart. Soos die Sudoko vereiste vir rye en kolomme, moet elke gebied ook die getalle 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8 en 9 bevat. Duplikaatgetalle word in geen gebied toegelaat nie.

Teken:

Datum:

R10a

Tweedimensionele en driedimensionele objekte

Hersiening

Kwartaal 1

Wat is 'n tweedimensionele vorm? Wat is 'n driedimensionele objek? Gebruik die woorde hieronder om jou te help:

lengte | volume | oppervlakte | hoogte | breedte

Wat is 'n eendimensionele vorm?

lengte

Alle eendimensionele vorms het slegs lengte. Die enigste eendimensionele vorm is 'n lyn, selfs 'n golwende lyn.

1. Voltooi die volgende tabel.

'n Tweedimensionele vorm binne die dried-imensionele objek	Benoem die driedimensionele objek.	Teken die net.	Aantal vlakke	Aantal hoekpunte	Aantal kante
2 driehoeke	Driehoekige prisma 				
3 reghoeke					

2. **Benoem die poligone (veelhoeke) hieronder. Merk al die tetragone (vierhoeke) af.**



3. **Noem die tetragoon (vierhoek) en sê of die grootte van die hoeke gelyk is aan 90°, kleiner is as 90° of groter is as 90°.**



a. _____ b. _____ c. _____

d. _____ e. _____ f. _____

g. _____ h. _____ i. _____

j. _____ k. _____ l. _____

m. _____ n. _____ o. _____

p. _____

Teken:

Datum:

vervolg ☛

Tweedimensionele en driedimensionele objekte vervolg

4. Maak 'n regmerkie in die korrekte antwoordkolom.

Hierdie vorm kan die volgende hê:	1 regte hoek	2 regte hoeke	3 of meer regte hoeke	Geen regte hoeke
Vierkant				
Rombus (ruit)				
Driehoek				
Heksagoon (seshoek)				
Trapesium				
Tetragoon (vierhoek)				
Reghoek				
Oktagoon (agthoek)				

5. Beantwoord die volgende vrae:

a. Jy weet wat die lengtes van 3 sye van 'n parallelogram is: 12,5 cm, 7,5 cm en 7,5 cm. Is dit genoeg inligting om die lengte van die vierde sy te kan bereken? Indien wel, wat is dit? Maak 'n skets om jou antwoord te staaf.

6. Jy weet wat die lengtes van 4 sye van 'n pentagoon (vyfhoek) is: 2,5 cm, 4,2 cm, 3,5 cm en 6 cm. Wat sal die vyfde sy wees? Meet dit. Maak 'n skets om jou antwoord te staaf.

7. Skets die volgende:

a. 'n Reghoek met sye: 5,5 cm en 145 mm.	b. 'n Vierkant met sye gelyk aan 6,1 cm.
c. 'n Onreëlmatige pentagoon met een sy wat gelyk is aan 15 mm.	d. 'n Onreëlmatige heksagoon met alle sye van verskillende lengte.

Probleemoplossing

Tydskrif- of koerantsoektog

Vind die volgende vorms in 'n tydskrif: 'n tetragoon, 'n driehoek en 'n heksagoon. Plak hulle hier, beskryf hulle asook hul hoeke en sye.

Teken:

Datum:

R11a Transformasies

Wat beteken dit wanneer iets transformeer?

As 'n refleksie 'n transformasie is wat dieselfde effek as 'n spieël het, watter effek sal die volgende hê?

- rotasie
- translasie
- vergroting

1. Beantwoord die volgende vrae.



Pers reghoek:

a. Die lengte = _____

b. Die breedte = _____

Groen reghoek:

c. Die lengte = _____

d. Die breedte = _____

e. Die pers reghoek is _____ keer vergroot om die groen reghoek te maak.

2. Voltooi die tabel. Maak sketse, indien nodig.

	Reghoek	Omtrek	Oppervlakte	Vergroot met	Omtrek	Oppervlakte
a.	Lengte: 4 cm Breedte: 2 cm			2 maal Lengte: Breedte:		
b.	Lengte: 3 cm Breedte: 2 cm			3 maal Lengte: Breedte:		
c.	Lengte: 5 cm Breedte: 4 cm			4 maal Lengte: Breedte:		
d.	Lengte: 6 cm Breedte: 3 cm			2 maal Lengte: Breedte:		
e.	Lengte: 7 cm Breedte: 6 cm			3 maal Lengte: Breedte:		

3. Skuif die figuur 4 regs, 4 op.



4. Stip die gegewe koördinate (9,9); (6,8); (6,5); (9,5), en verbind dan die punte in volgorde. Skuif dan 3 af en 5 links. Teken die figuur op die nuwe koördinate van die skuifbeeld.



Teken:

Datum:

vervolg ☛

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

5. Reflekteer die figuur.



6. Teken 'n driehoek met die koördinate: (4,8); (1,5); (4,2). Teken dan die weerkaatsing teen 'n horisontale lyn met koördinate: (5,9); (5,1). Skryf die koördinate van die nuwe driehoek.



7. Roteer die figuur met 'n kwart omwenteling om die punt (5,5).



8. Teken 'n halfdraaibeeld van die figuur: Driehoek: (5,5); (1,5); (1,9). Skryf die nuwe koördinate neer.



9. Wanneer ons 'n vorm reflekteer, roteer of transleer, verander die grootte van die vorm?

_____

10. Verander die vorm van grootte as dit vergroot of verklein word?

_____

Probleemoplossing

Teken 'n transformasie deur refleksie, rotasie en translasie op een grafiek te gebruik en die beweging van een figuur na die volgende te wys.

Teken:

Datum:

Area, omtrek en volume

Praat oor die volgende:

1. Bereken die omtrek en oppervlakte (area) van die volgende veelhoek.



a. Wat sal jy met die figuur doen voordat jy die omtrek en oppervlakte bereken?

_____

_____

_____

_____

b. Omtrek

_____

_____

_____

_____

c. Oppervlakte

_____

_____

_____

_____

2. Bereken die omtrek en oppervlakte van die volgende reghoeke:

a. Lengte: 10 cm; Breedte: 8 cm

Omtrek

_____

_____

_____

_____

Oppervlakte

_____

_____

_____

_____

b. Lengte: 10 cm; Breedte: 7,5 cm

Omtrek

_____

_____

_____

_____

Oppervlakte

_____

_____

_____

_____

3. **As jy 'n reghoek met die volgende oppervlakte het, wat sal sy lengte en breedte wees? Wat is die omtrek?**

Oppervlakte
= 210 m^2

Lengte	Breedte	Omtrek
_____	_____	_____
_____	_____	_____
_____	_____	_____
_____	_____	_____

4. **Sipho en sy pa bou 'n houtdek omdat die oue te klein is. Die ou dek was 2,5 m × 3 m. Hulle gaan die afmetings van die dek verdubbel. Hulle moet weet hoeveel tralies en vernis hulle moet koop. Wat sal die omtrek en oppervlakte van die nuwe dek wees? Wys die bewerkings.**

5. **As 'n reghoekige prisma 'n volume van 36 kubieke ene het, wat is die:**

a. Hoogte? _____ b. Breedte? _____ c. Lengte? _____

6. **Voltooi die tabel hieronder:**

	Lengte	Breedte	Hoogte	Kort berekeningsmetode	Volume
				Lengte × breedte × hoogte 6 cm × 3 cm × 2 cm	___ cm^3
					

7. **As jy 'n vierhoekige prisma met die volgende volume het, wat sal die lengte, breedte en hoogte wees? Volume = 2 100 m^3.**

Lengte	Breedte	Hoogte
_____	_____	_____
_____	_____	_____
_____	_____	_____
_____	_____	_____

Probleemoplossing

Ondersoek:

Op hoeveel maniere kan jy 'n vierkant en reghoeke teken wat 64 vierkante ene beslaan? Dui dit aan.

- Het al die bogenoemde vorms dieselfde oppervlakte?
- Het hulle almal dieselfde omtrek?

Probeer nou 'n soortgelyke aktiwiteit met 'n objek van 64 kubieke ene.

Teken:

Datum:

R13 Tyd

Dit is baie belangrik om die volgende te onthou. Praat hieroor!

0,5 uur = 30 minute,
nie 50 minute nie.

Desimale toon breuke van tiendes, honderdstes, duisendstes en so meer. Maar minute word gemeet in sestigstes van 'n uur. Daarom is $\frac{1}{4}$ van 'n uur = 15 minute en $\frac{1}{10}$ van 'n uur = 6 minute.

1. Dit is hoe lank dit hierdie week geneem het om my wiskundehuiswerk klaar te maak. Help my om hierdie tabel te voltooi.

Wiskunde-huiswerk	Ure	Minute	Sekondes	uu:mm:ss	Ek het om ..... met my huiswerk begin:	Ek het dit om ..... voltooi.
Maandag	1	30	1	01:30:01	15:00	
Dinsdag				01:15:25	15:30	
Woensdag	1	27	17		16:30	
Donderdag	0	55	45		17:45	
Vrydag				01:15:09	14:50	

2. Ek het oor die naweek by my ouma gaan kuier. Op Saterdag het ek om 10:57:02 by haar huis aangekom. Ek het Sondag om 13:45:05 vertrek. Hoe lank het ek by my ouma gekuier?

3. Voltooi die tabel.

Weke	1	1,5	2	2,5	3	3,5	4	4,5	5	6,5	7
Dae	7										
Ure	168										
Minute											

4. Sit jare in weke en dae om.

a. 5 jaar = in weke _____ en dae _____

b. $25\frac{1}{2}$ jaar = in weke _____ en dae _____

5. Sit eeue in jare om.

a. 10 eeue

b. $5\frac{1}{4}$ eeu

6. Tydsones:

a. Hoeveel tydsones is daar in die wêreld? _____

Hoe weet jy? _____

b. Noem twee ander lande in dieselfde tydsone as Suid-Afrika.

_____

c. Noem twee ander lande in 'n ander tydsone as Suid-Afrika.

_____



Probleemoplossing

Dit het Sam 3 ure geneem om 100 km af te lê. Hoeveel kilometer per uur het hy afgelê? Hoe lank sal dit hom neem om 120 km af te lê? Gee jou antwoord in ure en minute. Met watter tipe voertuig dink jy het hy teen hierdie spoed gereis?

Teken:

Datum:

R14a Temperatuur, lengte, massa en kapasiteit

Noem vyf voorbeelde uit die alledaagse lewe van waar en hoekom ons die volgende gebruik:

1. Skryf elke temperatuurlesing neer.

a. _____ b. _____ c. _____ d. _____ e. _____



f. Watter temperatuur is die koudste? _____

g. Watter temperatuur is die warmste? _____

h. 'n Temperatuur –5° C is kouer as –3° C omdat dit 2° C minder is as _____.

i. 'n Temperatuur –9° C is kouer as –8° C omdat dit _____ minder is as _____.

2. In vraag 1, wat is die verskil in temperatuur tussen:

a. **a** en **b** _____

b. **b** en **c** _____

c. **d** en **b** _____

d. **e** en **d** _____

e. **e** en **a** _____

3. Beantwoord die volgende vrae oor lengte:

